

Interaktiewe Liturgie 13 September 2020

Tema: Gestroop van my kleed

Teks: Genesis 37: 1-4; 23-34 en 39:2

Simbole en rituele

- **Bybel:** Lees die volgende 2 weke die verhaal van Josef Genesis 37-50.
- **Steek 'n kers aan:** Steek 'n kers aan voor die diens begin as teken van God se Woord wat vir ons lig gee op ons pad en in ons lewens.
- **Gestroop:** Dink na oor die term gestroop wat beteken dit om iets te stroop, wat beteken dit as jy gestroop word van iets.
- **Ek mis ons geloofsruimte:** Wat is die aspek van Sondag erediens in die kerkgebou wat jy die meeste mis?
- **Ons dink aan mekaar:** Dink aan iemand, 'n lidmaat of goeie vriend(in) in die gemeente? Volg na die diens op met daardie persoon oor hoe dit gaan en maak seker dat die persoon inskakel by ons gemeente se aanlynbediening.



Votum - Ps 121

Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? 2 My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

Seëngroet

Die Here groet jou en belowe meer as net hulp, Hy belowe genade en vrede vir jou ook en dit kom van God die Vader en die Here Jesus Christus en word 'n werklikheid in jou lewe deur die werk van die Heilige Gees.

Welkom

God verwelkom jou nou in sy teenwoordigheid.

Lied 159:1

God is hier teenwoordig; laat ons biddend nader, hier waar ons voor Hom vergader
 God is hier teenwoordig. Heilig is die Here; buig in stilte, Hom ter ere!
 Wie Hom roem, wie Hom noem Heer en Hemelvader, kom nou almal nader!

Dink na oor die feit dat God nou by jou is. Wat is dit wat jy nou graag vir God sal wil sê, let wel sê nie vra nie.

Lofprysing

Luister na die loflied wat Iddo gaan sing, sing saam, beleef hierdie loflied as 'n offer van Lof aan God en dink ook na oor hoe jy fisiese jou offers van dank aan God kan bring.

Gebed

Gebruik die gebedsriglyne en bid daarvolgens.

ONS DOEN VOORBIDDING VIR...

Die gemeente...

Ons bid vir ons jaartema - Bevoorregte dienaars

Ons tema vir September - *Bevoorreg om deel te wees van God se plan*
Efesiërs 3:9 ...hoe God ...sy verborge plan uitvoer.

- Tenspyte van 'n klomp negatiewe gebeure in Josef se lewe voer God nogsteeds sy plan uit met die lewe van Josef.
- Bid dat die Here in hierdie uitdagende tyd waarin ons is, Sy plan deur ons gemeente en lidmate sal uitvoer.

Die breë kerk...

13 September is Biddag vir Leprose (Melaatsheid):

- Bid vir mense met melaatsheid asook die uitdagings wat hulle families beleef.
- Bid vir die bediening aan melaatses

Die land

In uitdagende tye bid ons die volgende gebed vir ons land:

Seën ons land se leiers en inwoners

Almagtige God en in Christus ons hemelse Vader,
 wees die mense van hierdie land genadig.

Vergewe tog ons harde hart
 en ons minagting vir u gebooi.

Verlos ons van die trots waarmee ons onself mislei,
 die vooroordele wat ons verblind
 en die haat wat ons vernietig.

Gee ons leiers die wysheid
 en die geduld

en die nederigheid
 om by U rigting te vra vir die pad vorentoe.

Mag u waarheid hulle lei,
 u sin vir regverdigheid
 hulle gewetes aanspreek,
 en u liefde hulle harte oopmaak
 vir mekaar se standpunte
 sodat u wil in ons land gedoen kan word.

Cecil Kerr

inleiding tot die preek

Luister na die lied Any Dream will do uit die Musiek blyspel wat Tim Rice en Andrew Lloyd Webber saamgestel het, nl Joseph and the Amazing Technicolor Dreamcoat. Dit handel oor die lewe van Josef. In hierdie spesifieke lied word daar gesing oor Josef se kled ...
<https://www.youtube.com/watch?v=0wAs3sTAFJ4>

Any dream will do.

I closed my eyes, drew back the curtain
 To see for certain what I thought I knew
 Far far away someone was weeping
 But the world was sleeping, any dream will do

I wore my coat with golden lining
 Bright colors shining, wonderful and new
 And in the east the dawn was breaking
 The world was waking, any dream will do

A crash of drums, a flash of light
 My golden cloak flew out of sight
 The colors faded into darkness
 I was left alone

Ek wonder hoe Josef gevoel het, wat hy gedink het toe sy broers hom stroop van sy kleet?

Luister of kyk na die preek

Bedieningsmoment

- Wat is dit waarvan jy gestroop is, gestroop voel?
- Hoe help die Josef verhaal vir jou?
- Here dankie dat U my in moeilike tye help.

Lied 518

Voel jy soms of die Here te vér is?
 Twyfel jy soms aan God se bestaan?
 Jy moet glo dat die Heer met jou saamloop;
 dat sy Gees oral met jou sal gaan Jesus sê Hy kom weer, Hy kom uit die hemel neer
 met basuin en geskal kom Hy al sy mense haal.

Deur sy Woord weet ons Jesus gaan t'rugkeer
 Na ons wêreld met alles daarin.
 Wat gebreek is, sal Jesus kom heelmaak;
 deur sy Woord weet ons alles maak sin
 Hoor hoe sag waai die wind, kyk die glimlag van 'n kind.
 Maak jou los van die kwaad – dis jou Skepper wat hier praat.

Voel jy soms of die Here te vér is?
 Twyfel jy soms aan God se bestaan?
 Jy moet glo dat die Heer met jou saamloop; dat sy Gees oral met jou sal gaan.

Seëngroet.

- Die Here is voor jou om jou pad gelyk te maak
- Die Here is langs jou en plaas sy arm om jou skouers
- Die Here is agter jou om die aanslae van die bose af te wees
- Die Here is onder jou om jou te dra as jy mag val
- Die Here is rondom jou om jou te beskerm teen die virus
- Die Here is bokant jou om jou te seën
- Die Here is binne in jou om jou te lei deur sy Heilige Gees
- So seën die drie-enige God jou nie net vir die tydperk van inperking nie, maar vir ewig. Amen

Bulletin: Lees die Bulletin rustig deur.